

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 22**

**1 Junie 2025**

**By Jesus se voete**

**Die gejaag van die lewe kan soms verstikkend wees. Boonop het "besigwees" ongelukkig amper 'n soort statussimbool geword. Hierdie besigwees van die lewe kan veroorsaak dat dit wat werklik saak maak uit die oog verloor word. Dan klink die woorde "om by Jesus se voete te sit" soms na wensdenkery of selfs 'n cliché in 'n Martha-wêreld.**
**Lees gerus weer Luk 10:38-42. Dit beskryf die kontras tussen Marta en Maria.**
**Om "aan iemand se voete te sit" het in die antieke tye verwys na die hegte verhouding tussen 'n dissipel en sy rabbi. Om by Jesus se voete te sit, sou dan beteken om by Hom as Rabbi te sit en leer. Dit impliseer geloof en ondergeskiktheid, en sou ook as 'n vorm van aanbidding gesien kan word.**
**Jesus gee 'n duidelike antwoord in die kontrastering van die twee karakters. Hy leer dat 'n keuse wat ewigheidswaarde het, die heel beste is.**
**Wat het Maria reg gedoen? Sy het die beste van die geleentheid gemaak. Haar diepste begeerte is om Hom, en nie die mense nie, te behaag.**
**Om Maria in 'n Marta-wêreld te wees, vra 'n doelbewuste keuse van ons om eenkanttye met ons Vader te skep. Dis in hierdie geheime plekke van stilte waar ons intimiteit gaan beleef, waar ons die instruksies sal ontvang om die lewe te kan leef, waar ons hart in ritme met Syne sal klop. Dis waar ons Sy stem sal leer ken en wanneer ons Sy stem tussen al die baie ander stemme om ons sal begin onderskei. Hierdie dissipline om te onttrek van die wêreld en sy geraas, is ononderhandelbaar. Die vraag is: Is ons desperaat genoeg om dit daadwerklik te doen?**
**Om Maria in 'n Marta-wêreld te wees, vra baie. Die lewe gebeur tog – ons moet werk, eet, kinderskool toe ry, en en en… Ons kan tog nie die hele dag Bybel lees en bid nie. Hoe sit ek by die voete van Jesus, terwyl die lewe moet aangaan?**
**Vir elkeen van ons, die Martas en die Marias, is dit belangrik om luisterend te lewe. Om by Jesus se voete te sit, is 'n hartsgesindheid van 'n dissipel wat voor Hom gebuig is. "Sy voete" is oral elke dag om ons. "Sy voete" is ook langs 'n siekbed, by 'n bord kos wat jy aandra of 'n gesprek met iemand wat soekend is na God. "Sy voete" is in elke dag se dissipel wees, wanneer ons nie net by Sy voete sit nie, maar in Sy voetspore loop, met 'n Maria-hart. – Willem Badenhorst**

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense
  te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

## Gebedsversoeke

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Hannah Bylsma |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Rudi Kruger | Bradley Bam |
| • Anna Chandler | Carin Wilsenach |
| • Johnny Viviers | Juanita Rossouw |
| • Annika Killian | Tannie Charmaine Venter |
| • Leonie Kruger | Oom Andrew Oostuizen |
| • Jillian Jansen | Spokie Vorster |
| • Pierre Pienaar | Oom Hercules van der Merwe |
| • Marelize Harrison | Natasha Stolz |
| • Marcel Holtzhausen | Hennie Coetzee |

## Gedagte vir die week

**Om by Jesus se voete te sit, beteken ‘n hart gerig op Hom;**
**‘n tipe intimiteit wat lei tot ‘n stilte en ‘n innerlike rus.**
**Hierdie innerlike rus moet ons ook in**
**die gejaagde lewe leer ken en toepas.**

**Gebedsversoeke aan:**
Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org